HOËRSKOOL RANDBURG

26 Oktober 2021

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 46 VAN 2021

Geagte Ouer/Voog

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat plaasgevind het op 25 Oktober 2021, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Die skoolgelde vir 2022 is vasgestel op R32 880.00 per leerder en is soos volg betaalbaar.

1. 'n Eerste paaiementbetaling, (R3 288.00) wat deel vorm van die skoolgelde vir 2022, is betaalbaar voor of op 30 November 2021.
2. Indien u die volle skoolgelde vir 2022 voor of op 31 Desember 2021 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R2 900.00.
3. Indien u die volle skoolgelde vir 2022 voor of op 28 Februarie 2022 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R1 800.00.
4. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste van elke maand in 10 gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober 2022. (Die betaling wat u in November 2021 lewer - vereffen 1 Januarie 2022 se skoolgeldpaaiement.)
5. Bankbesonderhede is soos volg: Hoërskool Randburg; ABSA; Rek 170680065; Takkode 632005.
6. EFT betalings (**Gr 8 – 12**) gebruik asb die **Familiekode en van** as betalingsverwysing soos op die rekeningstaat. Indien u twyfel stuur epos aan debiteure@hsrandburg.co.za, mev E van Rooyen.
7. Indien u die skoolgelde per debietorder wil betaal, moet u 'n debietordemagtigingsvorm voltooi. Stuur 'n epos aan debiteure@hsrandburg.co.za en ons sal die vorm aan u stuur, of u kan dit afhaal by mev E van Rooyen in die Finansieskantoor.

Die volgende is ingesluit in die skoolgelde vir 2022:

- alle vereiste akademiese opleiding;
- vervoer na alle amptelike akademiese, sport- en kultuurekskursies binne 100 km radius;
- weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer;
- sport- en kultuurafrigting;
- naskoolsentrum met internetkafee;
- Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste sielkundige konsultasie);
- basiese sporttoerusting (spanverband);
- gratis WI-Fi vir almal.

Die volgende is uitgesluit in die skoolgelde vir 2022:

- skoolklere en sportdrag;
- handboeke en leermateriaal;
- verbruikersitems vir take;
- sosiale skoolfunksies;
- materiaal vir praktiese vakke;
- toer- en/of kamp- en kursusgelde;
- sakrekenaars en tekenapparaat;
- naskoolse individuele ekstra klasse – Let wel: groepsklasse is gratis;
- professionele afrigtersfooi – bo-en-behalwe normale afrigtingskoste vervat in begroting;
- langafstandvervoer – verder as 100km;
- persoonlike voorkeur sport-toerusting bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.;
- persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie. (Sport & Kultuur aktiwiteite.)

Aansoek om vermindering van skoolgelde kan in **Januarie 2022** gedoen word. Hierdie aansoeke sluit op 28 Februarie 2022. Vorms moet persoonlik by die kantoor afgehaal en ingehandig word. Geen fakse of e-posse word aanvaar nie.

Vriendelike Randjiegroete.

P BOOYSEN: Hoof
011 782 6226

T KNOETZE: Adjunkhoof
E-Pos: hsrandb@global.co.za